**VRAAG 2**

**HOE HET AFRIKA-LANDE HULLE ONAFHANKLIKHEID VAN KOLONIALE HEERSKAPPY VERKRY?**

**BRON 2A**

Hierdie is 'n uittreksel uit die *State of Africa*: *History of Fifty Years of Independence* deur Martin Meredith, wat die gebeurtenisse beskryf wat tot die onafhanklikheid van Ghana gelei het, wat in 1957 die eerste Afrika-land geword het wat sy vryheid verkry het.

By die hoofkwartier by Christian Borg-kasteel, 'n sewentiende-eeuse slawefort vanwaar die Britse heersers die Goudkus die afgelope 50 jaar regeer het, word Sir Charles Arden-Clarke die oggend van 9 Februarie 1951 wakker om die moeilikste besluit van sy loopbaan die hoof te bied. Sy probleem was 'n 41-jarige gevangene in James Fort in Accra wat 'n driejaar-vonnis vir ondermynende bedrywighede uitgedien het. In die oë van koloniale owerhede was Kwame Nkrumah 'n gevaarlike moeilikheidmaker. Amptelike verslae het na hom verwys as 'n 'deurtrapte kommunis'. Hy het sy eie politieke party in Junie 1949 gestig en aangedring op 'Selfregering - Nou' en het gedreig om Brittanje se sorgvuldig uitgewerkte plan vir grondwetlike hervorming te laat ontspoor indien dit nie onmiddellik toegestaan word nie.

In opruiende toesprake regoor die land het hy belowe dat 'Selfregering - Nou' al die griewe en swaarkry wat deur koloniale heerskappy veroorsaak is, sou laat verdwyn en dat dit 'n nuwe wêreld van geleentheid en vooruitgang sou inlei. Sy flambojante optrede en innemende glimlag het hom die bynaam 'Showboy' laat kry. Sy radikale houding het almal aangetrek: vakbondlede, oudsoldate, klerke, kleinhandelaars en onderwysers, 'n nuwe geslag wat 'n beter lewe begeer het. Vir diegene sonder geld, sonder posisie, sonder eiendom, was Nkrumah se eis om 'vryheid' 'n verlossing. 'Soek eers die politieke koninkryk,' het Nkrumah aan hulle gesê, 'en dan sal julle alle ander dinge kry.'

Die eindresultaat was 'n oorwinning vir die CPP wat 34 setels verower het, terwyl Danquah se Konvensie net drie setels verower het (die Britte het groot bewondering vir dr. Joseph Danquah gehad). Die nuus is op 9 Februarie om vieruur die oggend aan hom oorgedra deur die gevangenisowerhede. Die dilemma waarvoor Arden-Clarke te staan gekom het, is of hy Nkrumah - 'n veroordeelde misdadiger - uit die gevangenis moes vrylaat. Arden-Clarke het gelas dat Nkrumah vrygelaat moes word, en dit as 'n 'daad van welwillendheid' beskryf. Na 14 maande se gevangenisskap het Nkrumah uit die tronk gestap, onder die luide toejuiging van sy ondersteuners.





**Foto van Kwame Nkrumah en Sir Charles Adren-Clarkeby Ghana se onafhanklikheidsvieringe in Maart 1957.**

**BRON 2B**

Hieronder is 'n spotprent deur Jock Leyden met die titel *Coming with the wind*. Dit beeld die groei van swart nasionalisme uit.



**VRAAG 3**

**WAAROM HET DIE VRYHEIDSMANIFES 'N DOKUMENT VIR DIE MENSE SE STRYD TEEN APARTHEID GEWORD?**

**BRON 3A**

Die Kongresalliansie het mense versoek om hulle griewe en hulle idees oor die soort Suid-Afrika wat hulle wou hê, in te stuur. Hieronder is 'n uittreksel oor sommige van die griewe teen Apartheid:

> ***'ONS ROEP DIE BOERE VAN DIE RESERVATE EN TRUSTGROND!***
>
> *Kom ons praat oor die oop lande en die smal strokies waarop ons arbei. Kom ons praat oor die broers sonder grond en die kinders wat nie skoolgaan nie. Kom ons praat oor belasting en oor beeste en oor hongersnood.*
>
> ***KOM ONS PRAAT OOR VRYHEID*! *ONS ROEP DIE MYNERS VAN STEENKOOL, GOUD EN DIAMANTE*!**
>
> *Kom ons praat oor die donker skagte en die koue kampongs ver van ons families af*.'

**BRON 3B**

Hierdie is 'n uittreksel oor 'n organiseerder wat in die platteland ingegaan het om eise bymekaar te maak:

> 'Ons het voorstelle van vroue, plaaswerkers, van almal gekry. Ons het selfs voorstelle gekry wat op die agterkant van sigaretdosies, stukke karton of papier geskryf is. Dit was 'n moeilike taak, omdat mense nie daaraan gewoond was om hulself openlik uit te druk nie. Die vrywilliger moes versigtig verduidelik: 'Kyk, ek kan u nie sê wat om te sê nie, u moet my vertel wat u wil hê.' Eise het gewissel van die onverkrygbaarheid 'n uniform by die werk, of dat vroue toegelaat moes word om by hulle mans te woon, tot veel sterker politieke idees soos stemreg vir almal.'

**BRON 3C**

Hieronder is 'n foto van 'n afvaardiging wat op 26 Junie 1955 na Kliptown gemarsjeer het met hul eise:




Kopiereg voorbehou 